**Woensdag 29 April 2020** **Lees: Fil 1: 1-11**

**Mag julle liefde toeneem in begrip en fyn aanvoeling.**

Tydens grendelstatus is almal van ons se lewe op een of ander manier ingeperk. Of dit nou is om nie te kan gaan oefen nie, of inkopies te kan doen wanneer ek lus is, of gaan fliek of saam met geliefdes te kan kuier, of sommer net kerk toe te gaan. Ons moes noodgedwonge leer om oor die weg te kom met wat tot ons besikking is. Die dinge wat ons nie het nie, nie kan kry en nie kan doen, moet ons sonder of op ‘n ander manier begin doen. Maar soos wat die tyd aanstap, kom ons hopelik agter wat die dinge is wat werklik saakmaak.

Fillipense was die eerste gemeente wat Paulus in Europa gestig het en het hom naby aan sy hart gelê. Hy is in die tronk wanneer hy hierdie brief aan hulle skryf, en ten spyte van sy negatiewe omstandighede, roep hy regdeur sy brief die gemeente op om altyd bly te wees in die Here.

Voor hy hierdie boodskap oordra, begin hy sy brief deur vir hulle te bid. Hy bid drie dinge:

Eerstens sê hy dankie vir die Here vir hierdie gemeente: hulle het saamgewerk om die evangelie te verkondig, mekaar in liefde vasgehou, gedra, ondersteun. Al was daar waarskynlik verskille, het hulle in liefde saamgeleef.

Tweedens bid hy dat hulle liefde sal toeneem, veral in twee opsigte: begrip vir mekaar, en fyn aanvoeling vir mekaar. Geen twee mense is dieselfde. Waar mense verskil, is daar altyd die moontlikheid van konflik. Juis daarom is begrip vir mekaar nodig en fyn aanvoeling.

Derdens bid hy vir onderskeidingsvermoë. Dat hulle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Kan onderskei tussen goed en sleg, reg en verkeerd, belangrik en onbenullig.

Dis ‘n gebed wat ons ook kan bid, in grendeltyd, maar ook elke dag daarna. Mag ons aanhou om met oë van dankbaarheid na mekaar te kyk. Mag ons liefde toeneem in begrip vir mekaar en fyn aanvoeling vir mekaar, sodat ons mekaar nie vernietig nie maar kan hoor. Mag ons groter onderskeidingvermoë hê om te weet waarop dit neerkom.

**Lied 532**

**Ds Juanita du Preez** **Pierneef**